DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**9 Oktober 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste begin 09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Psalm 27; Handelinge 17: 21 - 29 |
| **Tema** | Die Here is alles vir my |
| **Sang** | Psalm 92: 1, 2<br>Psalm 9: 1, 7<br>Psalm 81: 9, 10, 12<br>Psalm 145: 5, 10<br>Psalm 92: 6, 7<br>Psalm 84: 2, 6 |

Die Psalm bestaan uit 3 dele: 1) Verse 1-6: Dawid wys vir ons wat die inhoud van sy geloofsvertroue is. En vers 13 kan dalk ook daarby aangehaak word. Vir die doeleindes van hierdie boodskap, lees ons v13 saam met verse 1-6. 2) Verse 7-12: Dawid se privaat gebedslewe. 3) V14: Dawid se oproep aan óns adres!

In 'n neutedop sê Dawid die volgende: "Die Here is self alles vir my… en dit maak my entoesiasties om met Hom in gebed te praat. En daarom wil ek vir almal sê: Hy kán vertrou word! Skep moed!"

Kyk nou hoe stel Dawid hierdie NT werklikheid in OT terme: Die Here IS my lig, my redder, my toevlug, my veiligheid. Die Here bied nie die lig, redding en veiligheid as iets apart van Homself nie. Hy is dit self! Die lig, redding en veiligheid is nie iets wat Hy slegs skenk nie. Hy is dit self. Daarom IS Dawid in die lig, IS hy gered en IS hy veilig! Daarom vrees Dawid niks. Hy beroep hom nie op sy posisie as koning, sy weermag, sy rykdomme om sy vrese hok te slaan nie. Hy sien homself as ingesluit by Jahwe, die Here God. Daarom is hy nie bang nie – al kom watse tipe vyand na hom toe aan! Dit voel vir hom asof hy op 'n massiewe hoë rots staan terwyl hy afkyk op sy vyande. Die Here is daardie rots en die Here het vir hom wat Dawid is daarop geanker!

Die besef hiervan roep 'n reaksie in Dawid: Hy raak al hoe meer 'n man slegs van een saak! Vers 4: EEN DING begeer ek. Hy wil net meer en meer van hierdie lieflike Here smaak. Hy begin dit najaag om bewustelik die Here se teenwoordigheid (wat deur die Here se trou gewaarborg word en waarin Dawid altyd IS) te beleef, Sy goedheid te beleef en na Sy prag en skoonheid te kyk.

Wanneer jy besef dat die Here Homself aan jou vasgeknoop het en dat Hy self jou lig, redding en veiligheid is….. dat Hy self jou reg-wees en heiligheid en vryspraak is – dan roep dit 'n reaksie by jou. Jy kan nie weer dieselfde mens wees nie. Jou hart beur net altyd weer na Sy kant toe. Nie sodat Hy jou moet insluit nie, maar omdat jy ontdek het dat Hy jou reeds – in Christus – vir ewig ingesluit het. Dat Hy 'n vaderhart vir jou het. Dat jou doop al hierdie belofte aan jou gewaarborg het toe jy nog maar 'n pap babatjie was! Dat Hy nooit weer terugvat wat Hy gegee het nie (Rom 11:29).

As jy hierdie vrye genade ontdek het, besef jy hoe lieflik, mooi en pragtig alles in die Here is. En jy wil net meer en meer daarvan sien. So wil ek meer en meer tyd spandeer om God se grootheid te sien en meer daarvan te leer. Dis presies hoe Dawid dit beleef het. Dit is die normaal van iemand wat genade ontdek het. Ek wil Sondae en elke weeksdag gebruik om na Hom te kyk, in Hom te woon en meer daarvan te wete te kom!

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Gerhard Maritz wat steeds baie siek is en in die hospitaal aansterk. Ons bid vir Martie en Johan wat hom moet bemoedig en ondersteun in die tyd.
* Ons is die Here dankbaar dat Hy Truia Pretorius deur die operasie gelei het. Ons bid vir Kudu wat sy ma bystaan en ondersteun.
* Ons bid vir Theuns Botha wat nog steeds sukkel met die are in sy bene. Ons bid vir julle huis en famiie.
* Ons dink aan Gerdien Kuijpers in ons gebede met haar herstel na die behandeling.
* Ons is baie dankbaar dat Tialeen beter is. Ons bid dat sy spoedig haar kragte sal herwin.
* Ons dink aan Veronica Schutte wat in hierdie hitte 'n nekstut dra na die operasie. Marius sukkel met bloedklonte wat in sy been vorm. Sterkte vir julle.
* Ons vra u voorbidding vir die Klassis wat Dinsdag in ons gebou vergader. Ook vir die predikante en ouderlinge wat afgevaardig word na die Streeksinode in Novmber en die Algemene Sinode DV in 2023.
* Ons bid die seën van die Here toe vir ons kinders en ouers vir die 4de kwartaal. Hulle het 'n kort en kragtige kwartaal wat eksamen insluit.
* Komende Vrydag en Saterdag kamp die Belydenisklas saam met ds Sarel. Baie dankie aan oom Fanie en Dawn Hattingh vir die plaashuis wat ons kan gebruik. Ouers en kinders kan my kontak vir meer besonderhede.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 9 OKT

**Diensbeurt: Wyk 11**
**Ouderling: Hennie Combrink**

**Katkisasie: Geen**
**Diaken: Daleen Coetsee**

***Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat hulle voor die erediens in die konsistorie moet vergader.***

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE



**9 Oktober 2022**
**Poppie Potgieter**
**Elizabeth Reinecke**
**Marilyn Roux**
**Veronica Schutte**

**16 Oktober 2022**
**Annemarie vd Walt**
**Annerie vd Walt**
**Comin vd Walt**
**Koemi vd Walt**
**Louisa vd Walt**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

Neem asseblief kennis dat ***Bybelstudie*** weer na die skoolvakansie ***sal hervat***.
Hou die Basuin dop vir datums.





# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 10 Okt | Danie Combrink (Jnr)<br>Mia Maré | 40<br>4 | B<br>D | 082 335 9553<br>082 318 7263 |
| Wo 12 Okt | Martin Erasmus | 64 | B | 083 628 6114 |
| Vr 14 Okt | Johan Bester | 62 | B | 079 500 8811 |
| Sa 15 Okt | Chris Nel<br>Martin O'Reilly<br>Kian Schutte | 58<br>20<br>13 | B<br>B<br>D | 083 537 8876<br>082 554 2288<br>083 750 7787 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Wo 12 Okt 2013 | Theyman & Simoné Jongbloed | 9 | 084 511 3831<br>082 575 9143 |
| Vr 14 Okt 2000 | Peter & Valerie O'Reilly | 22 | 082 421 6982<br>072 943 0973 |
| Vr 14 Okt 2006 | Johan & Nadia Kotze | 16 | 083 422 2073<br>082 398 0114 |

## STILGEBED

Soos lidmate nou al weet word daar 'n geleentheid gebied aan lidmate om na die diens 'n stil gebed te doen. Die gebed is ongeveer 'n minuut lank.



Die kerkraad wil graag die volgende orde daarmee saam bring.

Lidmate sal steeds die geleentheid gegun word vir 'n stilgebed, Ds Sarel sal na 'n minuut afsluit met 'n Amen, waarna Ds Sarel die slot gebed sal doen.

Kollekte sal dan opgeneem word en die slot Psalm sal daarna volg.

## AANDDIENSTE

Die Kerkraad het 'n besluit geneem met die Breëkerkraadsvergadering dat daar weer aanddienste sal wees.

Die dienste sal soos voorheen 'n preekbespreking na die erediens insluit. Daar sal ook relevante onderwerpe bespreek en gedebateer word.

Lidmate word ook versoek om hulle insette te gee met onderwerpe wat hulle graag sou wou bespreek.

Die aanddienste sal na die skoolvakansie begin en lidmate moet asb die Basuin dophou vir dataums en tye van die aanddienste.

# *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Nog net “‘n kort, kort tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie talm nie. En wie deur My vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe; maar as hy terugdeins, het Ek aan hom niks meer nie.” Maar ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe.*

*Hebreërs 10:37-39*

## NAGMARK

Soos almal nou al weet beplan ons ‘n Nagmark op Vrydag 28 Oktober.

**Die gemeente word versoek om ons asb hulp te gee met skenkings / donasies van :**

- **Suiker, olie, meel, eiers , kaneel, hulp by die stalletjies,ou klere, items vir die Wit Olifant tafel en enige ander items wat by die Nagmark verkoop kan word.**

Ons beplan om ‘n reuse sukses te maak van die geleentheid en dit sal slegs kan gebeur as almal inspring en kom help en ons kom ondersteun op 28 Oktober.

# NAGMARK




Ons hou basaar ***"NEE NEE ons hou die beste NAGMARK ooit"*** op Vrydag 28 Oktober 2022.

Ons beplan om soos gewoonlik stalletjies soos **Wit Olifant tafel, koek en gebak tafel, pannekoek tafel, wors broodjies en koeldrank en water stalletjie** ens te hê. Daar sal ook 'n springkasteel en waterglybaan wees om die kinders besig te hou.

***En die beste van die aand sal die bees op 'n spit wees, vir aand ete. Kaartjies sal teen R 120.00 per persoon verkoop word. Saam met dit sal daar  pap en sous asook slaai en VARS gebakte brood bedien word.***

Lidmate en ander persone  wat stalletjies wil behartig vir die aand is welkom, bv. enige handgemaakte items ens. Die stalletjie sal jou R 200.00 kos, 'n "bargain" soos min.

Enige skenkings kan nog gedoen word. - kontak vir Daleen: 079 490 2678.

Moet nie die datum vergeet nie , teken dit nou al aan die jou kalender.

# EVANGELISASIE



**Laat ons Sout & Lig**

**in hierdie wêreld wees**

**Rom 3:10**

**Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie.**

**V19; Niemand sal hom dus kan verweer nie, die hele wêreld is strafwaardig voor God**



## Praat saam....

- **Jy het die ys gebreek met 'n algemene gesprek.**
- **Pesoon se behoeftes, sy vreugdes en pyne bepaal.**
- **Gee aandag aan fisiese behoeftes, help.**
- **Emosionele behoeftes, troos, bid, luister wees net daar, wees saam bly.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat in die krag van God

- Weet jy dat ons almal sondaars is wat verdien om in die **HEL** gegooi te word. Waar daar vuur sal wees, ‘n geween en gekners van tande. Vreesaanjaend!!!
- Besef jy dit?
- Weet jy dat daar uitkoms is?



## Praat in die krag van God

- Rom3:22 ...deur in Jesus Christus te glo, gee God dit sonder onderskeid aan almal wat glo. Almal het gesondig en is ver van God af, maar op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Van Dawid.*
*Die Here is my lig en my redder,*
*vir wie sou ek bang wees?*
*Die Here is my toevlug,*
*vir wie sou ek vrees?*
*Psalm 27: 1*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS